# AFRIKAANS

**Paper 9679/01**
**Speaking**

There were too few candidates for a meaningful report to be produced.


https://xtremepape.rs/
© 2019

# AFRIKAANS

**Paper 9679/02**
**Reading and Writing**

## Key messages

In order to do well in this examination, candidates should:

- focus on the requirements of each of the questions and communicate it as precisely as possible
- convey the information in their own words and in unambiguous language
- proofread their responses carefully.

## General comments

In **Question 1** candidates were required to find synonyms within a specified portion of the text to match the word provided in the question. In **Question 2** candidates were required to rewrite a particular sentence to show their ability to manipulate syntax and punctuation accurately.

The texts used in the comprehension questions (**Questions 3** and **4**) allowed for good comparative and contrastive questions. The content appeared to be within the interest field of the candidates who performed quite well in both questions. Some candidates made good use of the high-value questions to boost their scores.

Candidates who followed the instructions for **Question 5 (a)** generally did very well. **Question 5 (b)** was well done as the topic was within their frame of reference and they referred more to their own opinions concerning the situation in their areas.

It was found that a few candidates still resorted to copying large parts of the texts in their answers to **Questions 3**, **4** and **5**. Candidates should be reminded that they may only quote directly from the texts when it is specifically required in a particular question and that the quoted text should be placed in quotation marks.

Candidates generally achieve better marks when they attempt to answer questions in their own words, thereby displaying their ability in the target language.

There was a good spread of marks across all the questions on the examination paper. Weaker scores for **Question 2** were usually the result of candidates not adhering to the sense of the original sentence.

Examiners would suggest that extra attention be given to:

- carefully reading the questions, and not acting in haste in answering, as this will reveal that the candidates have understood what is expected
- adopting a more formal register in the answers as a few candidates tended to use colloquial language and spelling more suited to the spoken form.

### Question 1

**(a)** This question was well done by most of the candidates.

**(b)** Most of the candidates answered this correctly.

**(c)** A very well answered question.

**(d)** Generally this was well answered apart from by some of the weaker candidates who answered by describing the meaning of the given word in a phrase of their own rather than finding the synonym from the text.

**(e)** Most of the candidates answered this correctly.

**Question 2**

Most candidates were well prepared and understood what was required. Candidates must keep the sense of the original structure while manipulating the word order required.

**(a)** The candidates understood that the passive (*lydende*) voice was required. The weaker candidates did not realise that the introductory words needed to be completed.

**(b)** This was generally well answered but candidates need to remember the punctuation required by the changed word order.

**(c)** The sentence in this question was not easily understood. The inclusion of '*dat*' confused some of the candidates.

**(d)** Many candidates coped well with the required reported speech in this question.

**(e)** This sentence was well done by most of the candidates.

**Question 3**

Although most of the candidates answered in their own words there were a few who tended to quote too freely.

**(a)** This question was generally well answered. Candidates must beware of merely copying from the text.

**(b)** The candidates coped well with this question.

**(c)** When marks were lost it was due to the fact that candidates did not indicate clearly the opinions of Swanepoel and Wilders.

**(d)** Most candidates understood '*onding*' and many tended to give a balanced answer rather than a one-sided answer.

**Question 4**

**(a)** Most candidates coped well with the question and any loss of content marks was because there was no reference to the opinions of Hess and Botha.

**(b)** Most candidates understood that the question related to parents' opinions.

This question was well answered.

**(c)** Many candidates attempted to rewrite the ideas of the text in their own words. There was a good adherence to the word limit.

**(d)** Many found the correct idiom and then explained it well.

**Question 5**

The candidates coped well in their responses to this question. It is good to see that more candidates are attempting to adhere to the word limit by planning the content in their own words. The candidates are also more aware that a more formal style of writing is required.

**(a)** It was pleasing to see that candidates considered the content of the texts rather than their structural properties in selecting the similarities and differences relevant to the topic of the influence of sport on the youth.


https://xtremepape.rs/
© 2019

There were many good answers with supportive reasoning.

**(b)** Overall the candidates handled this question very well. Some did not observe the implication behind the words '*te groot rol*' but still managed to state an opinion and supported it. While this answer appears to require a more informal style, candidates must guard against using informal and/or colloquial language and spelling throughout the question paper, including in answer to this question.


https://xtremepape.rs/
© 2019

# AFRIKAANS

**Paper 9679/03**
**Essay**

## Kernboodskappe

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate:

- menings en argumente met bewyse te motiveer
- hul opstelle te proeflees.

## Algemene kommentaar

Van die kandidate is verwag om oor een van die opdragte wat in die vraestel verskaf is, te skryf. Hulle moes nie net hul taalvermoë toon nie, maar ook hul vermoë om ŉ bepaalde argument te struktureer en hul standpunt(e) ten opsigte van ŉ spesifieke beskouing te motiveer. Punte is daarom toegeken vir sowel taalvermoë (24) as inhoud (16). Kandidate met ŉ swakker taalvermoë was dikwels nie daartoe in staat om hul standpunte duidelik te formuleer nie, terwyl kandidate met ŉ meerdere taalvaardigheid uiteraard in staat was om ŉ hoër punt te behaal weens hul vermoë om hul opstel meer sinvol rondom ŉ bepaalde beskouing te struktureer.

Die meerderheid kandidate het verkies om die opdrag oor *Menslike verhoudings* (**Opdrag 1**) te beantwoord, met eweveel kandidate wat ten gunste van *Werk en vrye tyd* (**Opdrag 3**) en *Besoedeling* (**Opdrag 5**) gekies het. Minder kandidate het die opdragte vir *Oorlog en vrede* en *Wet en orde* aangepak; nogtans het diegene wat vir hierdie onderwerpe kans gesien het, heel goed presteer aangesien die onderwerp hul op sigself in staat gestel het om ŉ indringende argument te struktureer. In die breë was die kandidate besonder goed voorberei vir hierdie komponent. Swakker kandidate het veralgemenings en voor die hand liggende gevolgtrekkings gemaak. Hierdie benadering het gevolglik ŉ negatiewe impak op die inhoudpunt gehad, al was die kandidaat se taalvermoë waarskynlik van aanvaarbare standaard, in hoofsaak omrede daar van sinvolle strukturering en/of betoog weinig sprake was.

Nie net het die kandidate ŉ relatief goeie begrip vir die gekose opdrag getoon nie, maar in die beter opstelle was daar ook ŉ duidelike inleiding met ŉ toepaslike gevolgtrekking in die slotparagrawe te bespeur. Ten slotte moet die kandidate wat op indrukwekkende wyse daarin geslaag het om bepaalde idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde by hul betoog te betrek, gelukgewens word; uiteraard is dié kreatiwiteit met ŉ beter taalvaardigheidspunt beloon.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### Opdrag 1

*'Familie kom eerste, vriende tweede. Bloed is dikker as water.' Wat is jou mening?*

Soos reeds genoem: Hierdie was die mees gewilde keuse. In die algemeen het die kandidate die opdrag goed verstaan en is die vraagstelling ('Wat is jou mening?') wel beantwoord. ŉ Aantal kandidate het egter sonder die nodige beplanning en gepaardgaande besinning begin skryf. Die gevolg hiervan was ŉ ongestruktureerde opstel waar bepaalde stelling nie net op lukrake wyse gemaak is nie, maar ook gereeld herhaal is. Veralgemenings het vry algemeen voorgekom. Kandidate wat gewys het op die belang wat sowel familie as vriende in die adolessent se lewe het oor die algemeen ŉ beter inhoudpunt verseker. Enkele kandidate het ook daarop gewys dat nie alle families ŉ veilige ruimte aan die adolessent bied nie en dat vriende in daardie opsig van kardinale belang is. Van die swakste punte wat vir hierdie komponent toegeken was, was meestal weens onvoldoende taalvermoë waar ongrammatikale sinskonstruksies, gebrek aan


https://xtremepape.rs/
© 2019

woordeskat (met gepaardgaande gebruik van Engelse woorde) en ongeorganiseerde gedagtegang geld en nié omrede die kandidaat die opdrag verkeerd verstaan of geïnterpreteer het nie.

**Opdrag 2**

*‘Sonder strenger regters en strenger vonnisse vir oortreders sal ons samelewing ineenstort.’ Dink jy hierdie opinie is geregverdig?*

Nie baie kandidate het ten gunste van hierdie onderwerp gekies nie; nogtans het hierdie opdrag goeie opstelle tot gevolg gehad. Kandidate wat beter presteer het in die beantwoording van hierdie opdrag het buiten die voor die hand liggende kommentaar ten opsigte van kriminaliteit ook gedui op die belang van regspraak binne die sosiale orde. Van die meer opwindende insigte het daarop gedui dat strenger wetgewing en regspraak aanleiding mag gee tot ’n polisiestaat en dat daar eerder op samelewingstrukture gefokus moet word ten einde kriminaliteit hok te slaan.

**Opdrag 3**

*‘Dit is belangrik om hard te werk, maar tog ook die lewe te geniet.’ Is beide egter moontlik in hierdie moeilike finansiële tye? Wat is jou siening?*

Hierdie opdrag is in die algemeen goed hanteer. Nogtans was veralgemenings en herhalings van dieselfde gedagte teenwoordig; verál na ’n sterk standpuntinname in die eerste paragrawe waarna die kandidaat ongeorganiseerde gedagtes herhaal het ten einde die vereiste woordtelling vir die opstel te haal. Kandidate wat vanuit eie ervaring (skoolomgewing) geskryf het, het meestal ’n beter punt behaal. Die bepaling van ‘moeilike finansiële tye’ is deur enkele kandidate geïgnoreer en daarom het die opstel gevolglik meestal oor werksdruk en vryetydsbesteding gehandel.

**Opdrag 4**

*‘Die regering het die reg om militêre diensplig van sy skoolverlaters te eis.’ Stem jy saam met hierdie stelling?*

Soos reeds genoem het die minste kandidate ten gunste van hierdie opdrag gekies. Kandidate het die vraagstelling heel goed hanteer en daar is meestal besin oor sowel die positiewe as negatiewe aspekte van diensplig. Ongelukkig was daar wel kandidate wat ná ’n aanvanklike sterk standpuntinname hul argument nie verder oortuigend kon ontwikkel nie en gevolglik het dit ’n negatiewe impak op die inhoudpunt gehad.

**Opdrag 5**

*‘Dit is tyd dat ons ophou om ons aarde van besoedeling te probeer red, want dit is veels te laat om ’n verskil te maak! Die jonger geslag moet eerder die ruimte in gestuur word om ander, skoner planete te gaan koloniseer.’ Bespreek.*

Hierdie opdrag het tot die mees opwindende opstelle gelei. Van die swakkere opstelle het net oor besoedeling en die gevare daaraan verbonde gehandel terwyl die vraagstelling vereis dat daar besin moet word of dit *te laat* is om iets aangaande die ekologiese krisis te doen, al dan nie. Die indruk in dié gevalle was dat die betrokke opstel ’n voorbereide stuk oor klimaatsverandering en/of besoedeling is. Nogtans is van die beste opstelle oor hierdie betrokke onderwerp gelewer. Dit was veral interessant om te besef watter enorme impak ’n jong omgewingsaktivis soos Greta Thunberg op die denke van die adolessent het. Ook was die taalvermoë van die kandidate wat hierdie opdrag gekies het in die algemeen beter as wat dit die geval was van die meer gewilde opdrag oor menslike verhoudings.


https://xtremepape.rs/
© 2019

# AFRIKAANS

**Paper 9679/04**
**Texts**

**Kernboodskappe**

Die volgende is belangrik om in gedagte te hou om die vraestel suksesvol af te lê:

- Lees die instruksies/vrae deeglik deur om te verstaan wat verwag word.
- Beplan antwoorde goed en maak seker dat alle aspekte van die vraag gedek is.
- Maak seker dat die antwoord analities en argumenterend is en dat die verhaal nie oorvertel word nie.

**Algemene kommentaar**

Die standaard van voorbereiding was van redelike gehalte hierdie jaar. Die meeste kandidate het ŉ goeie insig van die boeke se temas, karakters en storielyn gewys. Die kandidate kon analiseer en redeneer oor die vrae en kon meestal die skrywer se doel met die teks uitlig. Voldoende tyd moet egter spandeer word aan beplanning oor watter vrae die suksesvolste beantwoord kan word.

Voorgeskrewe tekste moet deeglik deur die kandidate in ooreenstemming met die basiese letterkundige begrippe bestudeer word. Kandidate moet voorts die inhoud van die tekste baie goed ken. Indien laasgenoemde gedoen is, behoort die meeste kandidate enige opstelvraag te kan beantwoord. Kandidate moet asseblief nie vooraf uitgewerkte antwoorde uitwerk nie, aangesien sommige dan slegs hierdie feite/antwoorde kan weergee, ongeag wat gevra word.

Daar moet onthou word dat die antwoorde 500 tot 600 woorde moet bevat. Die kandidate wat baie minder as dit geskryf het se antwoorde was gewoonlik ondergemiddeld. Om punte in ŉ hoë kategorie te kry, moet leerders gewoonlik by die aantal woorde bly, aangesien die antwoord dan volledig is en ŉ deeglike kennis van die tekste insluit. Dit is natuurlik wel moontlik om 500 tot 600 woorde te skryf, maar steeds nie die vraag te beantwoord nie en ŉ laer punt te behaal.

Dit is van uiterste belang dat die instruksies baie deeglik gelees en verstaan word. Dit was verblydend om te sien dat daar hierdie jaar geen kandidate was wat drie vrae uit een afdeling beantwoord het nie. Daar was wel hierdie jaar ŉ aantal kandidate wat **(a)** and **(b)** van dieselfde vraag in plaas van drie verskillende vrae beantwoord het en dus net vir twee uit die drie vrae punte behaal het.

Daar was hierdie jaar minder kandidate as in die verlede wat slegs die tekste se storielyn oorvertel het. Daar is slegs by **vraag 5(b)** hiermee gesukkel. Meestal was daar ŉ poging aangewend om ook die vraag te probeer beantwoord, al het hulle ook die storielyn oorvertel. Kandidate moet seker maak dat alle aspekte van die vraag volledig gedek is. Hulle moet ook die vraag weer deurlees nadat hulle dit geantwoord het om seker te maak dat die antwoord volledig is. Kandidate moet ook bewus wees daarvan dat antwoorde/woorde in ŉ ander taal as Afrikaans geïgnoreer word. Die kandidate moet deeglik daarop voorberei word dat die eerste deel van die vrae in **afdeling 1** (gewoonlik **(i)** en **(ii)**), die korter vrae is en slegs ŉ paar reëls vereis, waar die laaste vraag (gewoonlik **(iii)**) die langer vraag is en ŉ veel langer antwoord in opstelvorm vereis. Daar was hierdie jaar kandidate wat by die laaste deel van die vraag (wat as die langvraag gesien word), slegs een of twee reëls geskryf het en hulle antwoorde was dus nie voldoende nie.

Die kandidate wat beplan het voor die vraag beantwoord is, het oor die algemeen beter gevaar. Dit is egter nie nodig om die beplanning in opstelvorm te doen nie, want dit kan onnodig tyd mors. Breinkaarte is egter ŉ goeie manier om beplanning opsommend te voltooi. Kandidate word nie gepenaliseer indien daar geen beplanning is nie.

Indien daar gevra word of kandidate met ŉ stelling saamstem of nie, moet hulle seker dat hulle duidelik ŉ bevestigende of ontkennende antwoord gee en nie net ŉ verduideliking verskaf nie. Hulle mag die tekste


https://xtremepape.rs/
© 2019

invat in die eksamen lokaal en aanhalings kan nuttig gebruik word indien dit hulle antwoord staaf. Daar word egter nie addisionele punte vir aanhalings toegeken nie, maar wel vir gepaste voorbeelde.

Die sterkste antwoorde is goed beplan, volg ŉ logiese orde en word op gepaste wyse gestaaf. Die opstel word voorts goed georganiseer, daar is kennis van sekere literêre tegnieke en die skrywer se intensie met die teks word verstaan. Hierdie opstelle toon ook goeie insigte van karakters en onderliggende temas. Die gemiddelde kandidaat se antwoord is oor die algemeen relevant; hy/sy vertel nie net die storie oor nie, maar kan bespreek en evalueer. Daar is goeie fokus op die uittreksel wat verskaf word (**afdeling 1**), al is hy/sy nie in volle beheer van die materiaal nie. Swakker kandidate vertel gewoonlik die storie oor, of dit wat hulle daarvan onthou/gelees het. Daar word oor die algemeen geen poging aangewend om die vraag presies te beantwoord nie. Hulle maak aannames, sonder om hulle punt te staaf en dit is gewoonlik baie basiese, eenvoudige antwoorde.

## Kommentaar oor spesifieke vrae

### *Afdeling 1*

**Vraag 1**

*Die kremetartekspedisie* **– Wilma Stockenström**

**(a)** Hierdie vraag is goed beantwoord. By **(ii)** het net ŉ paar sinne volstaan en moes daar genoem word dat die vriendin afgunstig was, of dat sy dink dat die verteller haarself as verhewe ag.

**(b)** Hierdie vraag het uit twee dele bestaan; vergelyk en bespreek die verhoudings tussen die verteller en haar verskillende eienaars. Die vraag is redelik hanteer, maar daar is soms deurmekaar geraak met die verskillende eienaars en hulle rol in die verteller se lewe.

**Vraag 2**

*Roepman* **– Jan van Tonder**

**(a) (i)** Baie kandidate het hierdie teks en vrae gekies. Vraag **(i)** is goed beantwoord, maar antwoorde was soms te lank en breedvoerig.

**(ii)** Hierdie vraag is ook goed beantwoord. Die meeste kandidate kon antwoord dat sy nie oor hom gekom nie en dat sy selfmoord probeer pleeg het.

**(iii)** Kandidate het die vraag goed hanteer, maar soms bolangs en oppervlakkig geantwoord. Hulle moes onthou om ook na die uittreksel te verwys om uitstekende punte te behaal. Voorbeelde uit die teks sou hier van waarde wees.

**(b)** Kandidate moet weet dat hulle nie noodwendig hoef saam te stem met stellings wat in vrae gegee word nie. Hulle kan ook verskil van die stelling, solank hulle hulle antwoorde kan staaf. Hierdie vraag is redelik hanteer, maar van die kandidate het net gefokus op die eerste deel van die stelling: ("'Timus groei van ŉ onseker, nuuskierige jong seun…'") en die tweede deel ("'na ŉ 'selfversekerde, volwasse jong man…'") nie goed hanteer nie of geïgnoreer. Voorbeelde uit die teks sou hier ook baie kon help.

**Vraag 3**

*Fiela se Kind* **– Daleen Matthee**

**(a) (i)** Soos in die verlede, het die meeste kandidate gekies om *Fiela se kind* te behandel. Hulle het wel hierdie jaar oor die algemeen slegter met die teks gevaar as met die ander tekste in die vraestel. Slegs een of twee sinne sou hier voldoende wees: 'Die twee mans was die dag daar om sensus te doen/die mense in elke huishouding te tel.' Die doel van die sensus is soms in detail bespreek, wat onnodig was.

**(ii)** Baie kandidate het slegs voorbeelde gegee van waar water voorkom in die teks, bv. Benjamin/Lukas wat met bootjies op die dam gespeel het en sy ervaring by die see. Daar is egter van hulle verwag om verder te kan bespreek watter rol water/die see speel in Benjamin/Lukas se

soektog na sy eie identiteit, ŉ belangrike tema in hierdie boek. Die kandidate wat goed voorberei was, het dit reggekry en goeie punte behaal met doeltreffende verwysings na die uittreksel en die boek as geheel.

**(b)** Slegs ŉ klein aantal kandidate het hierdie vraag gekies om te beantwoord. Dit is nogmaals belangrik dat kandidate moet weet dat hulle nie met stellings wat gegee word in vrae hoef saam te stem nie. Goeie kandidate het redeneer dat Benjamin/Lukas homself nie as ŉ houtkapper geag het nie en dus nie met ander houtkappers vergelyk hoef of wil word nie. Sommige het ook genoem dat hy dalk nie trots kon voel nie, omdat hy nie eers geweet het waar hy vandaan kom nie.

**Afdeling 2**

**Vraag 4**

***Die Groot Anders-maak* – Jan Rabie**

**(a)** Hierdie vraag is baie goed hanteer en kandidate het goeie insigte getoon. Weereens hoef die kandidate nie noodwendig met die stelling saam te stem nie, solank hulle net hulle antwoorde kan staaf en relevante voorbeelde uit die roman kan uitlig. Daar is meestal gefokus op die tradisies van die Khoi en verdwyning daarvan, maar goeie antwoorde het ook van die Duusmanne se tradisies bespreek en verduidelik waarom die Khoi besluit het om hulle tradisies/kultuur te begin aanvaar.

**(b)** Hierdie vraag is nie so baie soos vraag **(a)** behandel nie, maar was tog redelik goed hanteer. Toepaslike voorbeelde en aanhalings uit die boek was ook hier natuurlik van groot waarde.

**Vraag 5**

***Mirakel* – Reza de Wet**

**(a)** Daar was verskeie kandidate wat die teks en vrae gekies het, maar net soos by *Fiela se kind*, het van hulle gesukkel om hierdie vraag korrek te hanteer. **Vraag (a)** is meestal gekies bo **vraag (b)** vir hierdie teks. Die meeste kandidate kon dit regkry om te noem dat Abel uit sy slegte, ongelukkige, dominerende verhouding met Anna wou wegkom, dat hy gevlug het en dat hy saam met die toneelgeselskap het opeindig. Hulle kon ook noem dat dit slegs ŉ tydelike ontvlugting was, aangesien Anna hom weer gevind het. Dit is egter waar die meeste antwoorde gestop het en daar is nie verdere insig getoon nie.

**(b)** Slegs ŉ paar kandidate het gekies om hierdie vraag te beantwoord. Van hulle het gesukkel om by ŉ goed organiseerde, logiese antwoord uit te kom. Die meeste kandidate het van die vraag af weggedwaal en ander temas in die boek bespreek as die tema van magsverhoudings. Die gevolg was dat baie goeie punte nie deur hulle behaal kon word nie. Daar is van hulle verlang om ten minste die mag van Dante, asook Anna, oor die verskillende karakters te kon bespreek.

**Vraag 6**

***Siener in die suburbs* – PG du Plessis**

**(a)** **Vraag (a)** en **(b)** is deur die meeste kandidate baie goed hanteer. Hulle kon verwys na Tjokkie, wat die siener is, asook die ruimte van die suburbs bespreek. Die goed voorbereide kandidate het ook bespreek dat Tjokkie se 'sien', die hele teks se gebeure bepaal en dat dit ook hierdie 'sien' is wat tot die ongelukkigheid, selfs die dood, van verskeie karakters lei. Uitstekende voorbereiding is vir hierdie teks gedoen, alhoewel daar ook ŉ aantal kandidate was wat die teks blykbaar nie goed geken het nie. Die film van die toneelstuk kan as ŉ aanvullende hulpmiddel gebruik word, maar in die beantwoording kan daar slegs op die teks self staatgemaak word.

**(b)** Hierdie vraag is uitstekend beantwoord. Kandidate het van verskillende verwysings en voorbeelde gebruik gemaak, wat belangrik was om hierdie antwoord goed te antwoord. Kandidate moes daarop let dat hulle antwoorde ook moes verwys na die spesifieke aanhaling wat in die vraestel gegee is.


https://xtremepape.rs/
© 2019